# HOOFSTUK 2

## PRIMêRE FASE —— FASE VAN EKSPANSIONISME :

## OPKOMS VAN DIE ZOELOERYK

### 2.1 Inleidend

Om die hele spektrum van die Difaqaneontwikkeling te waardeer, moet die aanvangsgebeure in Natal in verhouding tot die res van die gebeure, in perspektief gesien word. Gebeure rondom die magsuitbreiding in Natal, die daaropvolgende stigting van die Zoeloeryk en die voorafgaande imperialisme van Dingiswayo en Zwide, was die katalisator tot die Difaqane in die res van Suider-Afrika.

Die opeenvolgende aanvalle op die Ngunisibbes en hul vlug uit Natal het fusie, moorde, geweld, lyding, hongersnood en kannibalisme in Suider-Afrika tot gevolg gehad. Die kettingreaksie het soos die deinende golwe oor die hele Suider-Afrika, vanaf Natal - die sentrum - uitgedy tot so ver as die Xhosa in die suide, die Kgalagadi in die weste, die Lozi van Barotseland, die Rozwi by die Limpopo en die Tsonga in die Oostelike Portugese gebiede. Die rol wat die Mthetwa en Ndwandwe gespeel het om die gebeure van die Difaqane tot plofbare uiting te bring, moet nie onderskat word nie. In die Dingiswayo-Zwidestryd lê die direkte oorsaak van die aanvangsgebeure opgesluit - dit het die spreekwoordelike kruitvat laat ontplof wat die Ngunigroepe uit Natal "geskiet" het om die Difaqane na die aangrensende gebiede oor te dra.

Toestande binne die grense van Natal aan die einde van die agtiende eeu het bygedra tot die "ontploffing" wat die Difaqane oor die Drakensbergeskarpement laat dein het:

* Die bevolkingsaanwas in die relatief beperkte, vrugbare kusgebied het oorbevolking tot gevolg gehad. (Omer-Cooper, 1969:26.)

* Die Nguni, wat sowel veeboere as landbouers was, het dus al minder beskikbare landbougrond vir akkerbou gehad.

* Die vorming van vele klein, strydende politieke eenhede, binne die sibbestruktuur, het ontstaan. Dit het die proses van samevoeging noodsaaklik gemaak. Leiers met visie het hierdie situasie aangegryp om koninkryke te vorm. (Omer-Cooper, 1969:26 - 27.) Hierdie leiers, soos Dingiswayo, Zwide en later ook Tsjaka, het ´n spanningsklimaat in Noord-Natal opgewek wat die Difaqane tot gevolg gehad het.

## 2.2 Die sentrale figure in die Mthetwa-Ndwandwestryd

Om ´n begrip te vorm vir die aanvangsgebeure, is dit noodsaaklik om enkele aspekte rondom die persone, karakters en aspirasies van Dingiswayo en Zwide toe te lig.

Dingiswayo het as vlugteling uit sy vader, Jobe, se hut teruggekeer as leier van die Mthetwa met verrykende hervormings vir sy stam, die Mthetwa. Dit was die direkte oorsaak vir die aanvangsgebeure van die Difaqane.

Zwide, heerser oor die Ndwandwe, het Dingiswayo se hervormings en aspirasies binne Mthetwageledere as ´n bedreiging vir sy voortbestaan as onafhanklike stam gesien, en teenmaatreëls getref wat tot direkte konfrontasie tussen die twee stamme gelei het.

### 2.2.1 Dingiswayo: Soldaat, Strateeg, Hervormer en Ekspansionis

Reeds vroeg in sy lewe (1805) het sy aspirasies om leier van die Mthetwa te word, so sterk na vore getree dat hy die dood van Jobe, sy vader, beplan het. Sy ouer broer Morwewe was, volgens opvolgreg, die logiese opvolger van die Mthetwatroon. (Bryant, 1929:87.) Jobe kom te hore van die komplot en laat die hut waarin Dingiswayo (toe nog Ngodongwane genoem) en Tana, die twee samesweerders, geslaap het,

omsingel. Tana word gedood, dog Ngodongwana slaag daarin om, ten spyte van ´n assegaaiwond in sy rug, te ontsnap. (Bryant, 1929:87; Omer-Cooper, 1969:28.)

Sy vlugtog neem hom deur die Nkandlagebied totdat hy uiteindelik 190 km. van sy tuiste by die Hlubi, langs die Buffelsrivier tot rus kom. Bungane, stamhoof van die Hlubi, ontvang hom met gasvryheid. (Hierdie gasvryheid, wat deur Bungane aan hom betoon is, het tydens die Hlubi-Ngwanestryd weer ter sprake gekom.) Tydens sy verblyf onder die Hlubi het Ngodongwana nie net ´n naamsverandering na Dingiswayo ondergaan nie, maar ook tot gematigde leier ontwikkel. (Bryant, 1929:87.)

Dingiswayo se ontwikkeling tot strateeg en gematigde leier word toegeskryf aan kontak met ´n Blanke, moontlik dr. Cowan, wat deur Lord Caledon op ´n binnelandse ekspedisie gestuur is. Tydens ´n reistog moes Dingiswayo as gids vir waarskynlik dr. Cowan optree, en het hul veel geleentheid gehad om te gesels. Hierdie kontak het Dingiswayo waarskynlik tot ander insigte met betrekking tot regeringsvorm, stamadministrasie en oorlogvoering gebring, en dit was waarskynlik die gevolg waarom Dingiswayo later as verligte heerser oor sy mense opgetree het. (Roberts, 1974:39; Bryant, 1929:92; Ritter, 1955:40.)

Dingiswayo se hervormings is, in die woorde van Bryant (1929:94) " ... (the) spring which marked the starting-point of the deluge of bloodshed soon to devastate all this part of the African continent, driving thousands upon thousands to homelessness and misery, ... to torture and death ..."

Hervormings wat hy aangebring het, was:

- Skaf besnydenis af omdat dit jong mans tydens hul hersteltydperk onaktief maak vir militêre diens.

- Op eg Sothowyse (die Sotho het regimentsvorming na besnydenis as praktyk gehad) is regimente (Impies) gevorm wat met ´n eie naam,

en volgens ouderdomsklassifikasie, onder aanvoering van ´n "Induna" (hoof) gestaan het. Die resultaat van hierdie regimentsvorming was dat ´n horisontale hegtingsproses tussen leeftydgenote uit verskeie sibbes plaasgevind het. Hulle gemeenskaplike induna, naam en doel om te veg vir die groep, het dus hegting tot gevolg gehad wat horisontaal ook uiteindelik die sibbes nader na mekaar getrek het. (Omer-Cooper, 1969:27.)

- Sibbes wat aan Dingiswayo onderwerp is, is toegelaat om hul eie sibbehoofde te behou, dog as vasal van Dingiswayo en dus onderhorig aan hom. So het 30 sibbehoofde uiteindelik onder sy gesag gestaan. (Bryant, 1929:158.)

- Hy het handel met die Portugese van Delgoabaai aangemoedig en daardeur ´n affiniteit vir Blanke handelskommoditeite laat ontstaan. (Omer-Cooper, 1969: 28 - 29.)

- Stryd tussen stamme is uitgebuit - hy het die verwarring wat ontstaan tydens die stryd gebruik om beide strydende groepe aan te val en te onderwerp.

- Sy regimente het hy op gereelde basis laat saamgroepeer en krygsoefeninge laat doen en dan aan veldslae laat deelneem. (Bryant, 1929:95.)

2.2.2 Zwide: Imperialis en afsitter van die Difaqane

Zwide, heerser van die Ndwandwe-sibbegroep, wat deur die Embo verwant was aan die Mthetwa, het sy stamtuiste noord van die Mfolosi en suid van die Pongolarivier gehad. Die hoofstat, genaamd Nongoma, ongeveer 20 km. noord van die Swart-Mfolosi, was die rykstuiste van die Ndwandwe. (Bryant, 1929:161.)

Deur assimilasie en verdrae het Zwide ´n baie magtige ryk tot stand gebring. Sy kopiëring van Dingiswayo se aanvalstegniek het sy krygsmag

bykans net so gedug gemaak soos die Mthetwaleër. Ook het hy ´n bykans onuitputlike reserwemag uit die Swazi-geledere gehad, waarmee hy sy leër kon aanvul.

Zwide was ´n swakkeling, en die stukrag in sy lewe was sy ma, Ntombazi, wat hom aangespoor het tot aggressie. Sy was die beplanner van sy veldtogte, sy het die strategie vir optrede teen Dingiswayo bepaal, goedgekeur, en die aanstelling van die offisiere van die leër gemaak. Kortliks - sy was die krag agter die Ndwandwe-ekspansionisme. (Ritter, 1962:48.) Ntombazi was, behalwe dat sy ´n vurige geaardheid gehad het, ´n slinkse towenares en versamelaar van skedels. Elke sibbe- of stamhoof wat die Ndwandwe verslaan het, se skedel is in'n hut geplaas as toevoeging tot haar versameling. (Bryant, 1929:162.) Die Ndwandwe-suksesse op krygsgebied moet nie aan die krygsvernuf van Zwide toegeskryf word nie, maar eerder aan Ntombazi se lis, sluheid en diplomatieke vermoë om te manipuleer en te organiseer. (Bryant, 1929: 173.) Die grootste dryfkrag vir Zwide se toetrede tot die Difaqane lê opgesluit in sy verterende jaloesie op Dingiswayo se suksesse. (Becker, 1962:13.)

Bryant (1964:13) lig die kern van die stryd tussen die Mthetwa- en Ndwandweleiers soos volg toe:

- "While that great Mtetwa monarch (Dingiswayo) was working out his ambitious design of first subduing and then as he said, civilizing the whole of the Kaffir world round about him, the most refractory of the clans he attempted to tame was precisely this of the Ndwandwes" (Bryant, 1964:13.)

(Ten spyte van die feit dat Dingiswayo se suster getroud was met Zwide, het die stryd tussen die twee nie op diplomatieke vlak geëindig nie, maar is ook op die slagveld beslis.)

- Oorheersing oor die hele Noord-Natal was die mikpunt van beide patriarge.

- Onderwerping van al die stamme en sibbes in genoemde gebied en

- stamrykdomme in die vorm van vee wat deur belasting en onderwerping verkry is, was beide se uiteindelike mikpunt.

Aangemoedig deur Ntombazi en aangedryf deur sy jaloesie, het Zwide die eerste werklike Difaqane-aanslag geloods.

Volgens Omer-Cooper (1969:29) was ´n derde leier in die persoon van Sobhuza ook betrokke by die ekspansionistiese onderwerpingsproses, dog Sobhuza is vroeg reeds uitgeskakel. Juis hierdie uitskakeling was die eerste konflik in die Difaqanestryd. Zwide en Sobhuza, wie se Ndwandwe en Abambô-Ngwane (Swazi)-bure aan die bo-lope van die Pongolarivier was, het ´n dispuut oor landbougrond laat ontwikkel in ´n onderwerpingstryd. Sobhuza, wat die fisiese slag verloor het, vlug eerder as om hom te onderwerp aan Zwide. Sy volgende stamgebied, moderne Swaziland, is in die hartland van klein Sothostamme wat stelselmatig deur hom onderwerp word. Die onderwerpingspatroon wat behels die sentralisering van gesag onder die onderwerper en die inlywing van mans in die militêre struktuur, is nou vanuit Natal vir die eerste keer oorgedra na die Sotho. (Bryant, 1929:173.) Met Sobhuza uit die weg geruim, het ´n konfrontasie tussen Zwide en Dingiswayo onafwendbaar geword. (Omer-Cooper, 1969:29.)

## 2.3 Die Nguni-oorheersingstryd

Die Ngunistryd, wat daarop gemik was om die totale Nguni onder die gesag van een koning te plaas in ´n enkele "Nguniryk", sal nie volledig wees as die rol wat Tsjaka daarin vertolk het nie uitgestippel word nie. Noodsaaklikerwys word die ontwikkelingsjare van Tsjaka, wat ook ´n weerspieëling was van die latere Difaqanedrama, gepenskets.

2.3.1 Tsjaka: Geboorte en verwerping

Uit die buite-egtelike verhouding tussen Senzangakona, sibbehoof van die klein Zoeloesibbe en Nandi, dogter van die Elangenistamhoof, is Tsjaka in 1787 gebore. (Jenkinson, 1882:96.)

Sy geboorte self het al ´n beroering in die Zoeloesibbe se geledere veroorsaak, omdat hy ´n buite-egtelike aankomeling was. Sy pa, Senzangakona, wou sy ma, Nandi, nie geredelik aanvaar nie, en daarom was sy lewe van die begin af vol traumatiese gebeure.

Sy naam, Tsjaka, is ´n aanduiding van die gebeure en ´n bewys van die antagonisme waarmee hy ontvang is. Die naam is afgelei van die woord "I-Shaka" wat "tor" of "kewer" beteken. Toe berig van sy ma se swangerskap die stat van Senzangakona bereik, is haar swangerskap aan die "byt" van ´n "I-Shaka" toegeskryf. (Selby, 1971; Morris, 1966:44.) (Daar is verskillende verklarings waarvan bg. die waarskynlikste is.)

Nadat Nandi tog toegelaat is as vrou van Senzangakona, sonder die gebruiklike huweliksrituele en -seremonies, moes sy kragtens tradisie tevrede wees met ´n ondergeskikte posisie, naamlik dié van derde vrou. Die posisie het verder bygedra tot haar ongeluk en frustrasie. (Selby, 1971:36; Morris, 1966:44.)

Op sesjarige leeftyd is Tsjaka, sy ma en suster, Nomcoba, terug na die Elangenistam, waarvan sy moeder lid was. Die rede vir hul vlug lê opgesluit in die feit dat Tsjaka ´n skaap van sy pa in ´n oomblik van onoplettendheid deur ´n hond laat verskeur het. (Morris, 1966:45).

Selfs hier by die Elangenistam was geluk hul nie beskore nie. (Morris, 1966:45.) Die rede daarvoor, volgens oorlewering was toe te skryf aan treitering wat Tsjaka moes verduur van ouer veewagters. Verder is Tsjaka onderwerp aan aanhoudende smaad en afknouery, wat by hom ´n wrok laat ontstaan het, en wat hy later jare vergeld het. Sy moeder Nandi se

aanmoediging, saam met sy uitsonderlike fisiese krag, het hom egter tot selfhandhawing gelei, in so ´n mate dat hy sy afknouers te lyf gegaan het, en met eer uit die stryd getree het. (Ritter, 1962:16; Bryant, 1929:62.)

Ongeveer in 1802 het ´n groot hongersnood, genoem Madlatulê, die land oorval. Die gevolg was dat Nandi en haar kinders elders ´n heenkome moes soek. Ngwadi, ´n lid van die Kwabesibbe, by wie Nandi haar derde kind gehad het, het aan hulle ´n gelukkige tuiste gebied. Hierdie geluk het nie lank geduur nie omdat Senzangakona deur ´n gekonkel met die Kwabesibbe hul tot onwelkome persone laat verklaar het - dus moes hul weer trek. (Morris, 1966:45; Bryant, 1929:62.)

Op sestienjarige leeftyd bevind Tsjaka hom by sy pa se suster, wat onder die Mthetwa van Jobê (vader van Dingiswayo) gewoon het. Hier het hy die geleentheid gekry om te ontwikkel tot wasdom, en tot volwaardige soldaat. Sy postuur is op hierdie stadium reeds imponerend. (Bryant, 1929:63.) Die eerste ouderdomsgroep wat Dingiswayo (nadat hy oorgeneem het by Jobê) opgeroep het tot militêre diens, was die ouderdomsgroep waar Tsjaka, toe 20 jaar oud, hom bevind het. Na die aanvanklike vormingsfase tot soldaat, is Tsjaka se regiment, die Izi-Tswêregiment, wat onder bevel van Buza gestaan het, gebruik in Dingiswayo se veroweringsveldtogte. (Morris, 1966:46.) Spoedig het Tsjaka se onverskrokke dapperheid hom laat uitstaan bo sy makkers. Tydens ´n veldslag teen die Buthelezistam in 1810, is hy deur Dingiswayo opgemerk en beloon deur aangestel*1 te word as leier oor ´n Ndwandwe-impi. (Ritter, 1962:24; Morris, 1966:84.) Hierdie bevordering was die eerste in ´n reeks wat hom uiteindelik gevoer het tot die hoogste sport as bevelvoerder oor die Mthethwaleër van Dingiswayo.*1. (Ritter, 1955:42.)

---------------

*1 Hierdie "aanstellings" was tradisioneel in stryd met die opvolgingsreëls, dog in lyn met die kragbeskouing van die Nguni en Dingiswayo se "verligtheid".

Nie net op militêre gebied het hierdie verhouding tussen Dingiswayo en Tsjaka geblom nie, maar ook het Dingiswayo sy kennis en vaardighede op politieke en administratiewe gebied met Tsjaka gedeel. Dit het Tsjaka onbewustelik geskool vir die leiersposisie wat hy later sou beklee. (Ritter, 1955:41 en 55.) Ongeveer in die jaar 1814 het Dingiswayo vir Senzangakona genooi om feesverrigtinge te kom bywoon. Sy doel was om Tsjaka onder die aandag van sy pa te bring, om Senzangakona bewus te maak van hierdie seun se potensiaal as vegsman en leier, en om Tsjaka se kanse as leier van die Zoeloesibbe, na Senzangakona se afsterwe, te verstewig. Hierdie poging van Dingiswayo het in soverre geslaag as wat dit Senzangakona beïndruk het met sy seun se vernuf as "voordanser" en krygsman (Morris, 1966:48), en waar dit vrees by sy tuisstat laat ontstaan het.

Twee jaar later, in 1816, sterf Senzangakona, maar in plaas van Tsjaka word Segujana (seun by sy agste vrou) aangewys as sibbehoof van die Zoeloe. Om sibbehoof te word, het Segujana sy pa by sy sterfbed gedwing om ´n verklaring in sy guns uit te reik. Hierdie daad van Segujana het hom die gramskap van Dingiswayo en die haat van Tsjaka op die hals gehaal. (Ritter, 1955:55; Morris, 1966:49.)

### 2.3.2 Kapteinskap van die Zoeloe: 1816

Dingiswayo stuur Tsjaka se halfbroer, Ngwadi, om as sy segsman by Segujana op te tree. Ngwadi kry opdrag om Segujana te laat afsien van sy leierskap oor die Zoeloe. Hy moet ook aangemoedig word om te abdikeer ten gunste van Tsjaka. Segujana weier hardnekkig. ´n Geveg ontstaan waarin Segujana deur Ngwadi gedood word. In die daaropvolgende agtervolging word Ngwadi op sy beurt deur Segujana se volgelinge vermoor. (Morris, 1966:49; Bryant, 1929:120.) Vergesel van die Izi-Tswêregiment, word Tsjaka deur Dingiswayo gestuur om die leierskap van die Zoeloe op te eis.

Tsjaka het dadelik begin om die Zoeloehuis aan die kant te maak. (Bryant, 1929:121.) Persone binne die kapteinshuis wat hom, en veral Nandi, sy ma, se verblyf tydens sy kinderjare onaangenaam gemaak het, is summier van kant gemaak. Op hierdie wyse is enige weerstand teen sy kapteinskap die nek ingeslaan, en sy leierskap bevestig. (Bryant, 1929:121; Morris, 1966:49 en 50; Ritter, 1955:69.)

Met alle weerstand verbrokkel, kon hy voortgaan met sy interne hervormings, wat veral op militêre gebied geleë het. Die Zoeloes van verskillende ouderdomsgroepe is in regimente georganiseer, en tot soldate omvorm. (Selby, 1971:44 en 45.) Onder die bekwame leiding van sy ou krygsvriend, Mgobozi, het sy soldate tot ´n gedugte, goedgedissiplineerde en effektiewe leër ontwikkel. Anders as Dingiswayo se soldate, is die Zoeloe deur Tsjaka voorsien van ´n kort, breëlem steekassegaai en ´n skildvel. Daar is dus weggedoen met die drie werpspiese. (Morris, 1966:51.) Die taktiese optrede waarmee die Zoeloe ´n geveg benader het, is so gewysig dat die vyand deur ´n omsingelingsbeweging omsluit word in plaas van die reguit liniemetode van aanval. Geen assegaai word meer "weggegooi" nie. Die vyand se skildvel word weggestoot om sy liggaam te ontbloot vir die steekslag in die hart. (Selby, 1971:45.) Daar is ook weggedoen met die sandale waarmee die Ngunileërs toegerus was. Hierdeur is die snelheid waarmee die Zoeloe kon aanval en opruk, verhoog. (Roberts, 1974:48.) Hierdie hervormings het later getoon baie effektief te wees, en groter krygsuksesse het nie uitgebly nie.

Na hierdie hervormings in eie geledere en die bou van ´n nuwe hoofstat, Bulawayo, keer Tsjaka sy oë na buite, en soek hy vergelding vir die smaad wat hy en sy ma as swerwelinge tydens sy jeugjare moes verduur. Die Elangeni was die eerste slagoffer van sy vergelding. Deur ´n omsingelingsbeweging beleër hy Esiweni, hoofstat van die Elangeni, en dwing hy Makedama sonder ´n geveg tot oorgawe. (Morris, 1966:52.)

2.3.3 Onderwerping van die Ngunistamme

Hierdie oorwinning oor die Elangeni, wat Tsjaka as onafhanklike vasal saam met Dingiswayo behaal het, was die eerste in ʹn reeks om die Natalse Nguni te verenig onder die heerskappy van een persoon. (Roberts, 1974:46.) Ander stamme, sibbes en indiwidue, getrek en beïndruk deur Tsjaka se leierskap en krygsvernuf, het hul vrywillig aan sy leierskap onderwerp. Mdlaka, seun van Nkidi (Gazinisibbe), Nzobo, seun van Sobadli (Ntombela), die hele Sibiyastam, die Gazinisibbe sowel as die Qungebenisibbe, was onder diegene wat Tsjaka se Zoeloeland as nuwe tuiste aanvaar het, en sy leierskap onvoorwaardelik gevolg het. Met hierdie toevoegings het sy mag al groter geword. (Bryant, 1929:129 - 135.)

Met hierdie vergrote mag tot sy beskikking, kon Tsjaka veldslae teen groter stamme beplan. Die Buthelezi van Pungushe is met geweld oorrompel en onderwerp. As gevolg van die veldslae het hy verdere agting ingeoes; meer mense en stamme is ingelyf en onderwerp. Die Buthelezi, Elangeni-, en Qungebenistamme het sy leërs aangevul tot ʹn mag van 2 000 man met vrywilligers of "vreemdes" van ongeveer 800 man. (Ritter, 1955:65.)

Dingiswayo, opperheer van Tsjaka, is gedurig op die hoogte gehou van Tsjaka se suksesse en veldslae. Hoewel hy Tsjaka se suksesse tevrede gadegeslaan het, was hy as gematigde leier tog bekommerd oor die brutaliteit waarmee bv. die Buthelezis onderwerp is. Tydens dié slag het van die Buthelezikrygers agter vroue gaan skuil, en toe die Zoeloe-soldate hulle wou bereik, is ook die vroue, wat voor die Buthelezis was, gedood om by die mans uit te kom. Verder het hulle ook die gewondes onder die Buthelezis van die gras af gemaak. Hieroor het Dingiswayo Tsjaka aangespreek, maar Tsjaka het hom nie veel daaraan gesteur nie. (Ritter, 1955:86.)

Dingiswayo se aartsvyand, Matiwane van die Ngwane (Amangwane), het hom binne eersgenoemde se invloedsfeer bevind. Matiwane het deur

aanhoudende rooftogte op sy buurstamme ´n doring in Dingiswayo se vlees geword. Om hom te straf, roep Dingiswayo onder andere die hulp van Tsjaka en sy leërs in. (Bryant, 1929:132.)

Aan die begin van die 1817-winter het ´n mag van 4 500 soldate Dingiswayo se domein verlaat om Matiwane te gaan straf. Hierdie mag het bestaan uit 2 500 van Dingiswayo se Mthetwa, 1 000 man van Tsjaka se leër en ´n duisend man uit die leërs van Ntshalini. (Ritter, 1955:106.)

Hoewel Tsjaka ´n poging aangewend het om Dingiswayo te oortuig om Matiwane totaal te verdelg, het Dingiswayo, met ´n meer gematigde geaardheid, hom slegs tot oorgawe gedwing en hom met ´n vermaning en ´n onderneming tot vrede vrygelaat. (Bryant, 1929:132; Ritter, 1955:107.) (Kyk ook par. 2.2.2.)
Tsjaka was hieroor kennelik ontevrede, en het as gevolg hiervan verwyderd geraak van Dingiswayo. (Bryant, 1929:132.)

2.3.4 Die vlug van die Ngunistamme uit Natal

Na die aanvanklike berigte dat Dingiswayo teen hom opruk, het Matiwane al sy beeste na Mtimkulu (die Hlubistamhoof) laat jaag vir veilige bewaring in die berge rondom Utrecht. Na afloop van die veldtog weier die Hlubi van Mtimkulu om die beeste terug te gee. Om hierdie vernedering te vererger, slaan die Ndwandwe van Zwide ook nog op Matiwane toe. (Ritter, 1955:106.)

Die Ndwandwe het aangeval met die uitsluitlike doel om te roof en te moor. In die proses verdelg, moor en roof hulle al wat voorkom van die Ngwane. Die resultaat was dat Matiwane met sy Ngwane op die vlug moes slaan. Die eerste sibbe waarop hul in hul vlug afkom (of dit bewustelik beplan is of nie, kan nie bepaal word nie), was die Hlubi - wat Matiwane se beeste geroof het. Voordat die Hlubi hul magte kon mobiliseer, word hul hoofstat afgebrand en Mtimkulu gedood. (Bryant, 1929:149.)

Op hierdie wyse is verdere veldslae, wat nie daarop gemik was om te onderwerp nie, in Natal gelewer. In die veldtogte waaraan Tsjaka en Dingiswayo deelgeneem het, was hul doel fusie, en nie om ekonomiese redes, dus die roof van vee, of bloot uit tirannieke wreedheid nie.

Hierdie dade het die wreedste fase in die geskiedenis van Suider-Afrika ingelui: stamme wat sonder provokasie aanval en uitmoor, mense wat sonder voedsel of herberg gelaat word om te sterf, groepe en stamme wat mekaar aanval met die doel om te moor sodat hulself op kannibalistiese wyse aan die lewe kan bly. Voorts is tradisionele tuistes en landerye deur stroperbendes, op hul pad van verwoesting, swart gebrand, en onbewerk, kaal, soos die beendere wat versprei gelê het op die vlaktes van Suider-Afrika, agtergelaat.

2.3.5 Dingiswayo en Zwide: Botsende belange

Die houding wat Zwide teenoor Dingiswayo ingeslaan het, kon nie ongestraf gelaat word nie. (Roberts, 1974:49.) (Kyk ook 3.3.4 in hierdie verband.) Dingiswayo roep Tsjaka op tot mobilisasie teen Zwide. Die twee magte van Dingiswayo en Tsjaka sou apart opruk en suid van die Swart Mfolosi bymekaarkom om daarvandaan gesamentlik teen Zwide op te ruk. Waarskynlik as gevolg van ´n misverstand of verkeerde interpretasie van die boodskap, het Dingiswayo se magte lank voor Tsjaka se magte by die rendezvouspunt aangekom. Voordat Tsjaka egter opgedaag het, besluit Dingiswayo om ´n laaste poging aan te wend om deur onderhandelings Zwide te laat afsien van sy ekspansionisme. (Ritter, 1955:114/5; Bryant, 1929:165.)

Dingiswayo word onder valse voorwendsels in Zwide se kraal gelok. Hy word in 1818 gevange geneem en onthoof. Die legende lui dat Zwide se ma, Ntombazi, die kopbeen van Dingiswayo saam met ander skedels van vermoorde hoofmanne in haar hut uitgestal het. Die res van Dingiswayo se liggaam is gebruik as oorlogmedisyne vir die Ndwandweleër. (Bryant, 1929:194 - 6.) Met Dingiswayo uit die pad, die Mtwethwa leierloos, en Tsjaka ver van die rendezvouspunt, het die Ndwandwe met mening

toegeslaan. Die Mthethwa, sonder Dingiswayo, moes al vegtend terugval. (Morris, 1966:60.)

Nadat Tsjaka, in sy optog na Nongoma, die berig ontvang van die moord op Dingiswayo, keer hy dadelik terug na Bulawayo sonder om tot die stryd toe te tree. (Bryant, 1929:172).

2.4 Tsjaka en die Zoeloeryk: 1814 - 1824

2.4.1 Die Mthetwa word deur die Zoeloe geassimileer.

Die meeste van Tsjaka se ou krygkamerade in die Mthwethwaleër, getrek deur sy leiervermoë en krygsvernuf, plaas hulself nou onder sy bevel en leierskap. Die eerste persoon wat hom en sy Izi-Tswê-regiment by Tsjaka aansluit, is Ngomane, voormalige veggeneraal van Dingiswayo. Spoedig volg andere soos Nqoboka, wat hom met sy hele stam aansluit by die Zoeloe. (Morris, 1966:61; Bryant, 1929:174.)
Hierdie vermeerdering van die Zoeloegeledere het daartoe bygedra dat Tsjaka se leër verder vergroot is tot 5 000 man.

Die gebeure, rondom die dood van Dingiswayo, het tot gevolg dat Tsjaka sy posisie in oënskou moes neem.

* Die Mthethwa is leierloos en op wankelrige skrede as gevolg van ontbinding;

* Tsjaka se suidelike bure, die sterk Qwabestam, word ´n bedreiging vir stabiliteit.

* Die verraderlike Zwide, aan Tsjaka se noordgrens, word as die grootste bedreiging vir die Zoeloe se stabiliteit gesien, en

* die Tembo wat die vyandelike halfsirkel aan die wesgrens afsluit, vorm die sluitsteen van vyandelikheid. (Bryant, 1929:174; Morris, 1966:61/2; Roberts, 1974:51.)

2.4.2 Teenstappe: Strategie tot magsuitbreiding

Die volgende teenstappe word deur Tsjaka beplan:

* Omdat die grootste bedreiging van die kant van Zwide verwag is, is verdrae van neutraliteit met die Tembos en Qwabes gesluit. Op hierdie wyse is gepoog om Zwide as bedreiging te minimaliseer.

* Tweedens is die Zoeloe voorberei op ´n moontlike konfrontasie met die Ndwandwe.

Na die onderhandelinge met die Qwabe en die Tembo, moes Tsjaka besef dat slegs fyn beplande strategie hom van ´n oorwinning oor die veel sterker Nndwandwe kon verseker. Daarom het hy die volgende stappe tot uitvoer gebring:

Hy het sy hele noordelike stamgebied laat ontruim, dit wil sê die gebied net suid van die Wit-Mfolosirivier, en alle beeste na die Tugelavallei laat aanjaag. (Ritter, 1955:119.)

Verder het hy die plek, wat vir hom die geskikste sal wees vir die geveg uitgesoek, naamlik Qokoliheuwel. Die rede vir hierdie keuse is omdat die Qokoliheuwel in ´n waterlose gebied lê waar die vyand nie maklik toegang tot enige waterbronne tydens ´n uitputtende geveg kon hê nie. (Ritter, 1955:119.)

In April 1818 ruk die Ndwandweleër teen Tsjaka op. Die eerste taktiese oorwinning wat Tsjaka behaal, is deur die natuur in sy hande geplaas. Omdat die Wit-Mfolosi sterk afgekom het as gevolg van laat herfsreëns, was slegs enkele driwwe in die rivier vir die Ndwandwe begaanbaar, hierdie driwwe is deur die Zoeloe bewaak. (Ritter, 1955:120.) Dit het die Ndwandwe verplig om langs die rivier af te beweeg op soek na ´n oorgang. By ´n drif, wat vir hulle swak bewaak gelyk het, het Nomahlanjana, kroonprins en bevelvoerder van Zwide se magte, die Ndwandwekrygers teen vyf man per keer die drif laat deurwaad. Die water was borsdiep, met die gevolg dat die Ndwandwekrygers hul wapentuig

bokant hul kop moes dra. Dit het een van Tsjaka se indunas, Nqoboka, en sy gevolg in staat gestel om met behulp van lang steekassegaaie hul onbeskermde onderlywe aan te val. ´n Ander kryger, Ngolosi, het met ´n swaar knuppel, wat met ysterpenne beslaan was, die afrondingswerk gedoen. Op die wyse is baie van die vyand wat gewond of gedood is deur die vinnig vloeiende Mfolosi meegesleur.

Nadat die rivier sodanig afgeloop het dat meer plekke oorgaanbaar geword het, is die bewakers van die driwwe beveel om by Qokoliheuwel te versamel. (Selby, 1971:48.)

Tsjaka het vooraf genoeg water en voedsel, vir gebruik deur sy magte, op die heuwelkruin laat berg. Verder was sy strategie so beplan dat die heuwel deur die vyand omsingel moes word. Sy hele mag, bestaande uit 4 300 man is soos volg tydens die slag ontplooi:

* Tweeduisend seshonderd man is in vyf tot ses konsentriese sirkels rondom die heuwelhang geplaas met

* ´n reserwemag van eenduisend man, as versterking op die kruin van die heuwel, en

* sewehonderd man is met enkele troppe beeste voor die Ndwandwe uitgestuur. Hierdie stap was daarop gemik om die mag van die vyand te probeer verdeel. In die waan dat dit die hele beestrop van die Zoeloes is, het Nomahlanjana ´n derde van sy mag agter die vee aangestuur. Tsjaka se doel was verder om die deel van die vyand, wat agter die beeste aangaan, so ver weg van die werklike gevegsterrein te laat beweeg, dat, teen die tyd dat hulle besef dat hul deur ´n slinkse plan gevang is, die slag by Qokoli reeds gelewer moes wees. (Selby, 1971:48; Ritter, 1955:129; Roberts, 1974:51; Morris, 1966:61.)

Tsjaka het met sy hele voorafbeplande strategie geslaag. Die vyandelike mag het die heuwel omsingel en die res agter die beeste aangestuur.

Die sukses wat Tsjaka die dag behaal het met die slag van Qokoliheuwel, kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

* Eerstens het die Ndwandwe hulself misreken met hul eie aanvalstegniek - hulle het in so ´n digte massa aangeval dat geen spasie gelaat is vir die soldate wat die spiese moes werp nie. Hul wapens het skadeloos geland, en is sonder noemenswaardige lewensverlies gegooi. Verder het die samedromming vryheid van beweging belemmer toe die Zoeloekrygers op hul toegesak het.

* Tydens verdere aanvalspogings het die Ndwandwe in twee linies vorentoe beweeg. Die eerste linie moes storm met oop spasies tussen die manskappe. Wanneer hul met die eerste Zoeloelinie bots, moes die tweede linie hul assegaaie deur die oopgelate spasie op die tweede linie Zoeloes werp. Die Zoeloesoldate het die voordeel van die afwaartse helling so effektief benut deur met soveel geweld op die eerste linie van die Ndwandwe af te storm, dat die Ndwandwe teen die tweede Ndwandwe-linie vasgeslinger is, en ook hierdie poging laat misluk het.

* Na vier verdere pogings van die Ndwandwe, was hul strategie om hul hele mag in die vorm van ´n geslote stormram teen die Qokoliheuwel op te stuur, en so die Zoeloemag in twee te skeur. Tsjaka het sy, tot nog toe ongebruikte, reserwemag aangewend om die vyand te omsingel. Die vyand is totaal ingesluit deur hierdie beweging. Nie net die leër nie, maar ook Zwide self, is deur hierdie slag persoonlik geraak. Behalwe die kroonprins, Nomahlanjana, is vier van sy ander seuns ook gedood. (Selby, 1971:51 - 52.)

* Die feit dat Tsjaka die terrein vir die geveg self kon kies, het die voordeel ingehou dat hy die geveg kon dikteer. Een van die voordele van die terrein was dat die gewonde soldate, en ook ander, deur dors gedryf, begin afdwaal het op soek na water. Op

die wyse is die Ndwandwegeledere ook deur dors uitgedun - soos Tsjaka dit beplan het.

* ´n Verdere rede vir Tsjaka se sukses was die ysere dissipline waarmee sy soldate die stryd gevoer het. Die roekeloosheid van die Ndwandwe aan die ander kant het weer voordeel ingehou vir die Zoeloe. (Selby, 1971:52.)

* Die feit dat, na elke aanslag van die vyand, die Zoeloes verfris kon word deur die water en voedselreserwes wat Tsjaka laat berg het, en hul vervang is deur die volgende linie, was ook ´n belangrike rede tot sy sukses. (Morris, 1966:61; Ritter, 1955:129; Selby, 1971:48; Bryant, 1929:174.)

Na hierdie slag het Zwide, in die plek van sy gesneuwelde seun, Nomahlanjana, Soshangana (deur Longa verwant aan Zwide) aangestel as hoof van die Ndwandwe-leër. Soshangana het opdrag gekry om:

* onder die Swazi soldate te werf;
* om die Ndwandweleër te omvorm en te voorsien van ander assegaaie, soortgelyk aan die van die Zoeloe.

[Zwangendaba, stamhoof van die Jelesibbe, (kyk 3.5) is ook as lid van Zwide se bevelvoerderskorps aangestel. Sy verbintenis met Soshangana het hom toegerus vir sy latere optredes.] (Morris, 1966:63; Ritter, 1955:152.)

### 2.4.3 Leierskapsaanvaarding

Behalwe die aansien op militêre gebied wat Tsjaka verwerf het met die slag van Qokoliheuwel, het sy prestige as leier onder die Nguni van Natal in so ´n mate gestyg dat al meer van oorlede Dingiswayo se voormalige ondergeskikte stam- en sibbehoofde hom as leier begin aanvaar het. Sommige stamhoofde het hul met stam en al aan Tsjaka onderwerp. So ´n leier was Mzilikaze, stamhoof van die Khumalo. (Ritter, 1955:122.) Die rede vir hierdie stap het gespruit uit die

vrees waarin hy geleef het, na die moord op sy pa deur die Ndwandwe van Zwide. Hy het hom dus veiliger onder die beskerming van Tsjaka gevoel. (Roberts, 1974:113; Ritter 1955:117; Jenkinson, 1882:98.)

Spoedig nadat Mzilikazi hom aan Tsjaka onderwerp het, het Tsjaka in Mzilikazi ´n vriend gesien, en, soos wat Dingiswayo hom in sy jeugjare as vertroueling en mentor onder sy vleuels geneem het, het Tsjaka ook Mzilikaze begin aanwend as leier tydens ekspedisies. Hiertydens het Mzilikazi hom verder onderskei as leier en strateeg. (Bryant, 1929:422.)

Met die vakante leiersposisie onder die Mthethwa, het Tsjaka weer eens ´n taktiese oorwinning behaal en sy gesag onder die Nguni van Natal verder bevestig. Hy het ´n voormalige krygskameraad, Mlandela as hoofman van die Mthethwa aangestel. Deur hierdie skuif het hy:

* die Mthethwa aan hom onderhorig gemaak; (Jenkinson, 1882:97.)

* die Mthethwaleër as deel van sy al groterwordende mag ingelyf, en

* al die ander vasalle by implikasie ook aan hom onderwerp - dit wil sê al die vasalle wat onder Dingiswayo gestaan het.

Die Zoeloesibbe, wat eens as ´n nederige, onbeduidende sibbe gereken was, is verhef tot ´n prominente groep, die tweede belangrikste groep naas die Ndwandwe in Natal.

### 2.4.4 Die Ndwandwefiasko

Bykans ´n jaar na die slag van die Qokoliheuwel kry Tsjaka berig van vyandelike bewegings noord van die Swart-Mfolosirivier. Die Ndwandwe maak gereed vir oorlog!

Die keer, besef Tsjaka, sal dit ´n oorlog wees tot die einde toe, en hy

berei hom en sy mense deeglik voor op so 'n uitwissingsoorlog. (Morris, 1966:62.) Sy strategie bestaan uit die volgende:

* Geen vee of voedsel mag in die veertig kilometer strook tot die beskikking van die vyand gestel word nie. (Bryant, 1929:205; Roberts, 1974:52.) (Dit is gedoen omdat dit die gebruik was dat oprukkende invallers geleef het van die voedsel wat hulle kon plunder.)

* Regimente helpers, draers en kokke word saam met sy troepe opgelei om tot die gerief van die vegtendes beskikbaar te wees, sodat die soldate hul nie hoef te bekommer oor voedsel en gevegsgereedskap nie. (Ritter, 1955:150; Roberts, 1974:52.)

Soshangana val met sy nuutgevormde Ndwandweleërs Zoeloeland binne om Qokoliheuwel te wreek. So ver as wat die Ndwandweleër vorder, is statte leeggelaat, graanputte en mandjies tot die bodem leeg, geen vee van watter aard ook al is te vinde vir voedsel nie. (Roberts, 1974:53.) Tsjaka het Soshangana diep sy gebied ingelok deur skynpatrollies voor Soshangana se verkenners te laat uitvlug. Deur hierdie stap het hy Soshangana onder die waan laat verkeer dat Tsjaka se groot mag nie ver vorentoe behoort te wees nie. (Ritter, 1955:167; Bryant, 1929:206; Morris, 1966:63.) Na drie dae, met slegs reserwerantsoene, bereik die Ndwandwe die oewers van die Tugelarivier. Hier besluit Soshangana om om te draai.

Tsjaka verander nou sy taktiek. Uit beboste en rotsagtige klowe, waardeur die moeë, voetseer en honger Ndwandweleer deur Zoeloeland beweeg, val klein groepe Zoeloesoldate die Ndwandwe aan. Op dié wyse ontwrig hul die vinnige vordering van die Ndwandwe sodat hul langer aan ongemak en honger blootgestel word. (Ritter, 1955:168; Bryant, 1929: 206 - 207.) Die vyfde nag na die inval het die Ndwandweleër skuiling in die Nkandlawoud gesoek. Soshangana het patrollies uitgestuur om voedsel te probeer bekom. Met die versinsel dat hul terugkerende voedselpatrollies is, het Tsjaka van sy veteraanregimente onder dekking

van die donker die Ndwandweleër laat infiltreer. Elkeen het gesorg dat hy langs ´n Ndwandwesoldaat gaan lê om te maak of hy slaap. In die laatnag het hierdie veterane toegeslaan en onder die slapende Ndwandwe gemaai deur die soldaat langs hom ´n steek te gee. In die verwarring wat daarna ontstaan het, het die Zoeloeveterane uitgewyk, terwyl die Ndwandwe verder onder mekaar gemoor het. (Ritter, 1955:169; Bryant, 1929:206.)

Die sesde dag het die Ndwandwe in ´n lang, uitgerekte linie al langs die Umhlatuzirivier beweeg op soek na ´n deurgang. Tsjaka het gewag totdat die helfte van die leër deur die rivier is voordat hy op die oorblywende helfte toeslaan. (Ritter, 1955:175.) Terwyl die slag aan die gang was, het Tsjaka van sy vlugvoetigste regimente vooruitgestuur om Zwide se hoofstat, Nongoma, aan te val (Ritter, 1955:180.) Met hul aankoms die volgende oggend het hul verneem dat Zwide reeds oor die Pongolarivier gevlug het. Die stat is aan die brand gesteek, dog Zwide se ma, Ntombazi (die versamelaar van skedels), is gevange geneem. Die legende lui dat Tsjaka haar, uit wraak oor die dood van Dingiswayo, deur ´n hiëna laat verskeur het. (Die keuse van ´n hiëna as wraakmiddel is omdat die towenaresse volgens magiese gebruike die hiëna as troeteldier en ryperd sou gebruik het.) (Ritter, 1955:187; Bryant, 1929:208.)

Hierdie oorwinning oor Zwide het Tsjaka nou as die enigste en onbetwisbare leier van die Nguni in Natal gelaat. Sy Zoeloeryk het nou gestrek vanaf die Pongolarivier in die noorde tot by die Tugela in die suide, van die Drakensberg en Buffelsrivier in die weste tot by die see in die ooste.

### 2.5 Gevolge en samevatting

2.5.1 Na die gebeure in Natal, gedurende die stryd om opperheerskappy, is van die Natalse Nguni oor die Drakensberg gedryf om die Difaqane in ander dele van Suider-Afrika voort te sit. (Byvoorbeeld: Sobhuza, Matiwane en die Hlubi.) Soga (1930:439) verklaar: "They determined to

migrate like Ama-Cunu, in order to escape the attentions of their ruthless neighbour." Die Ngunisibbes wat gevlug het, was: die Bele, die Dunge, Ntlangwini, die Gwenyane en die Bakas. Laasgenoemde groep was onder andere verantwoordelik vir die verspreiding van die onrus tot so ver suid as die Pondomise in die Kaapkolonie. Die Pondomise het die Macingwane verslaan, waarna hul na Moshesh gevlug het. Moshesh het hul weer op sy beurt verdryf na die Mganuberge te Griekwaland-Oos.

2.5.2 Tsjaka kan nie alleen verantwoordelik gehou word vir die aanstigting van die Difaqane nie. Ander karakters het in hul sug na oorheersing net so ´n groot bydrae gelewer tot die ontkieming van die Difaqane.

2.5.3 As die plek waarvandaan die Difaqane versprei het, gesoek moet word, moet Natal uitgewys word. Die embrio van die hele gebeure sal gevind word by die Nguni van Natal wat deur hul mag- en heerssug, aan die een kant, en hul ywer tot wraak aan die ander kant die vonk verskaf het wat Suider-Afrika vanaf die Indiese Oseaan in die ooste tot die Kalahari in die weste, van die Tanganjikameer in die noorde, oor die Visrivier in die suide in ´n arena van verwoesting gelaat het. (Roberts, 1974:55.)

Die gebeure van die voorafgaande fase, in besonder die ekspansionisme, het die ontplooiing van die volgende fase gestimuleer. Op sy beurt het die sekondêre fase aanleiding gegee tot die gebeure van die tersiêre fase.

2.5.4

Die ekspansionisme van Zwide en Dingiswayo het:

* die losstaande sibbebestaan van die Natalse Nguni, deur onderwerping, tot twee bepaalde, en opponerende stamgroeperinge verenig;

* onderwerping tot gevolg gehad wat gelei het tot afskaling van sommige sibbes en groepe, soos onder andere die Ngwanes, Hlubi en Abambo-Ngwane (Swazi) wat nie onder die gesag van een van die twee leiers, Dingiswayo of Zwide, wou staan nie, en gevolglik gevlug het;

* gelei tot die dood van Dingiswayo, met die gevolglike ontbinding van die "Mthetwaryk" en die opkoms van Tsjaka;

* tot gevolg gehad dat Tsjaka, as voormalige vasal van Dingiswayo, en sterkste leier onder die Mthetwa-stameenheid, in die pad gestaan het van Zwide se imperialistiese ideale. Die gevolg was dat die stryd tot oorheersing van die Nguni van Noord-Natal in felheid ontbrand het. Die uitslag daarvan in die guns van Tsjaka het verder tot gevolg gehad:

- die verspreiding van splintergroepe wat die Difaqanestryd verder die binneland in laat uitkring het;

- die stigting van ´n groter Zoeloeryk;

- en die vestiging van ´n magsfaktor, ongekend in die geskiedenis van die Bantoe van Suider-Afrika, naamlik die Zoeloeryk van Tsjaka.